Iquad steun leerlinge uit omgewing met hulpprogram

Riana de Lange, Port Elizabeth

As 'n maatskappy wat sy ontstaan in Port Elizabeth gehad het, het die Iquad-groep besluit dit is waar hy met 'n hulpprogram vir leerlinge uit die omgewing moet begin.

Vyf leerlinge het reeds van die vierde kwartaal baat gevind by die program, het mnr. David Edwards, 'n direkteur van Iquad, gesê.

Leerlinge van die hoërskole Pearson, Woolhope en Alexander Road is vir eers gekies om deel te word van die program.

Die deelnemende skole het die leerlinge aangewys, onder meer op grond van akademiese prestasie en hul doelgerigtheid tot sukses. Die leerlinge sal gereeld hul skoolverslae by Iquad moet indien.

Die vyf is Noluyolo Betela, Noluvo Rangana, Cheryl-ann Monigan, Thembi Kosi en Lulama Mdzoyi.

Iquad help hulle onder meer met skoolgeld, skool- en sportklere, handboeke en skryfbehoeftes.

Tydens die bekendstelling van die program was die leerlinge baie opgewonde om te hoor dat sodra hulle elk 'n bankrekening van hul eie geopen het, Iquad elke maand sakgeld sal inbetaal, wat hulle na goeddunke kan gebruik.

Die leerlinge wat baat vind by 'n hulpprogram van die finansiëledienste-maatskappy Iquad, is voor van links Nolu Betela, Noluvo Rangana, Cheryl-ann Monigan en Thembi Kosi. Agter is Lulama Mdzoyi (links), saam met m David Edwards, 'n direkteur van Iquad, en Alfred da Costa, nie-uitvoerende voorsitter. Foto: VERS

Edwards het gesê die jeug is belangrik vir die toekoms van die land en vir 'n maatskappy soos Iquad. Daarom wil hulle die leerlinge nie net met geld help nie, maar ook met raad, skoolprojekte en mentorskap.

Daar word oorweeg om van die leerlinge ook met hul naskoolse studie by te staan, het Edwards gesê. Hoewel hulle nie gekies is op grond van 'n toekomstige loopbaan in die finansiëledienste-sektor nie, is Iquad seker van die leerlinge sal uiteindelik in dié rigting wil studeer.

Iquad het vroeër vanjaar op Alt^{X} genoteer. Die maatskappy kus onder meer op beleggingsa sporings, risiko-bestuur, ou en verifiëringsdienste, en die timalisering en ontwikkeling ondernemings.

Die swart-bemagtigingsgr Ukuvula Investment Holdings 'n belang van 4% in Iquad.